

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

PAAIE VERSPER OOR SWAK DIENS



Die gemeenskap van Oranjeville het genoeg gehad van die swak padtoestande en het Dinsdagoggend tot aksie oorgegaan. Die meeste paaie in die Vrystaat is in haglike toestand en hou dit daaglikse uitdagings en gevaar in. Dit het ook 'n groot invloed op ekonomiese vooruitgang.

Omliggende boere, taxi-eienaars, sakelui en inwoners van Metsimaholo het sedert vroegoggend in 'n vreedsame protes byeengekom om die R716 pad te sluit.

Vanaf 06:00 is die pad versper met trokke, 'n planter, plaaswerktuie en ander voertuie en is daar vinnig vrugte afgewerp. Lede van die Vrystaatse departement van paaie en vervoer het omtreks 10:00 opgedaag om met die leiers van die protes te vergader. Jaundré le Grange, voorsitter van die Diepspruitboerevereniging, sê die S44 van Deneyville na Heilbron, was 'n grondpad wat die departement begin teer het, maar die werk is nie afgehandel nie. Sedtrade het eers die kontrak gehad en is Botlokwa tans die kontrakteur. Die pad hou 'n gevaar vir motoriste in, want daar is geen padtekens of lyne geveer nie.

Die gemeenskap het 'n memorandum oorhandig en die departement het nou sewe dae om terug te kom met 'n oplossing. Die gemeenskap eis ook dat die departement gebruik maak van hulpbronne in die dorp self. Dit is jammer dat die protesoptrede nodig was om die regering se aandag te trek.



SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75

✉ heilbron@postnet.co.za ☎ 058 853 0006 📞 064 988 6078





JUNIOR WILGIERAAD VIR 2022

Hoërskool Wilgerivier het 1 Oktober 2021 hulle Junior Wilgieraad vir 2022 bekend gemaak.

Baie geluk aan die volgende leerders: Heinrich Ras, Schabort de Jager, Zak Steyn, Zelteri Tredoux, Mia Muller (afwesig), Adrie van Tonder, Jan Steenkamp, Marichelle de Jager, Anieke Claasen, Simonne Cronje, Christiaan Antunes en Marnus Graaff.

STEM VIR DIE TRAFFIC PARTY

Jip dit is weer verkiesingstyd! Tyd waar baie beloftes gemaak word!

Dalk is nou die tyd om nog 'n nuwe party op die bene te bring. Die Traffic Party! Ernstig - die party staan vir behoud van lewens, ongelukke, beserings, finansiële verlies en laastens seker ook sielewroeging.

Die Covid-epidemie het genoodsaak om besoek/wegbly af te lê by ouboet Jan na

genoeg seker 9 maande – hoewel ek hom laas gesien het by die Covid-inentings.

Diep sake is onder oë gevat terwyl ousus Nelle gesorg het vir nodige verversings om die demensie hok te slaan.

Die nuwe party is genoodsaak oor diep bekommernis oor Heilbron se verkeer wat 'n probleem geword het – niemand steur hulle meer aan verkeersreëls nie.

Dat daar nog nie meer ongelukke met al sy gepaardgaande letsels was nie, kan slegs toegeskryf word aan die waaksaamheid van padverbruikers. Die mense se geduld word nou beproef!

Dink nou aan die partystigting en kandidaat – Piet Snorre van rugby-faam het toe by nigg Patrysie se Goedheid-party bedgemaak en dit nadat hy pas aangekondig het dat hy Nelson Mandelabaai se rugbyspelers op die map wou sit?

Die ou Oostelike Provinsie darem!

Waar is die tye toe die *province* van die ysters opgelewer het wat die Springbokke baie oorwinnings besorg het – Danie Gerber word vandag nog onthou vir sy breekslae!

Terwyl ons kuier in die Goedbaai(PE) stad kom die herinnering op van nog 'n sportman(?) wat ook die stokkie laat val het toe hy Suid-Afrika se gewildste sport, sokker, verlaat het vir politiek? Ja reggeraai, Dantjie Jordaan. Athol Trollip het hom onder stof geloop as burgemeester en hy het weer gaan asiel soek by sokker.

Heilbron se nuwe Traffic party wag nou

vir kandidaat – sonder vergoeding - en al doelstelling is om *traffic inspectors* op te spoor om die verkeer weer veilig te laat vloei.

Heilbron se finansies wat sukkel kan 'n groot sprong vorentoe neem om al die strate vol gate skoon en veilig vir die verkeer te maak.

Kleinboet Dolfie vertel dat hy homself 'n ruk gelede uit sy skoene geskrik het vir 'n groot ontploffing en toe gaan ondersoek instel wat aangaan. By die toneel van die nuwe erwe oorkant die Langdam het 'n papier-reën hom oorval – water en ligte rekenings.

Seker maar Eskom se nuwe tariewe of poskantoor se bydra om grond se pH reg te kry.

Groete
Time gentleman
Tom Watson

Naskrif
Sien daar word gevra vir tenders vir die oprigting van rioollyn vir die nuwe erwe oorkant die dam. Verstoppe lyn kan dalk nog 'n probleem word.

DIGITAL VACCINE CERTIFICATE

After President Cyril Ramaphosa said the country would soon have standardised proof of vaccination to facilitate travel, access to establishments, and other activities, South Africa's Covid-19 digital vaccine certificate went live. The move comes as lockdown

restrictions have been eased to level one. The digital Covid-19 vaccine certificate can only be accessed by those who are fully vaccinated. The QR Code generated is not intended to be readable by the general public. Go to <https://vaccine.certificate.health.gov.za/> to download yours today.

Monthly Perspex WALL CALENDAR

Herald R675 INCLUDING

Contrast of an

058 852 3033 or heraldgraphic2@heilbron.co.za to order yours today!

Price includes 4 holes, Stand off pins, background & font change.

ELSJE SOPHIA [ELSA] PRETORIUS [née KRUGER]
[27 September 1964 – 25 September 2021]

Elsa – vriendin, mede-Dopper, oud-kollega en ongelooflike vrou – gewillig sonder grens! haar gelyke is baie min en weinig in getal – sy was 'n weergalose en vriendelike mens. Gabriël se jarelange getroue eggenote en vir haar drie kinders 'n superma – weens baie swaarkry, het sy positief só baie aangepak en bitter min gevra.

Uiters nougeset, in alles gewillig, deeglik, altyd met 'n glimlag gedoen haar plig, vroeër Assistent Landdros, later by ander werkgewers pligsgetrou haar werk verrig. Deur hartseertye met die afsterwe van beide ouers en ook 'n kind – selfs gesondheidsgewys baie trauma en moeilikheid ondervind.

Ook die verlies van ledemate het haar NOOIT ondergekry, moedig het sy haar geloofspad geloop – die goeie stryd bly stryd. By tye bereidwillig as sekretaressie van die sustersaksie by die kerk, gebak, stalletjies beman – altyd 'n plan om finansies te maak werk.

Jou afsterwe los 'n leemte by Gabriël, Marli, Hannes, Heleen en Gert, Cornelia en Casper – jou sibbe, ook by jou vriende, in die gemeenskap, by die kerk, ons almal – hartseer bly op ons tong en lippe!

Jou “weggaan” só skielik en onverwags was 'n reuse enorme skok, ja voorwaar - jy is nou tuis, sonder sukkel, slegvoel, swaarkry, by jou hemelse Vader en Sy Engeskaar.

RANA NAUDÉ
5 Okt. 2021

BOER VAN HEILBRON VERMOOR

Die liggaam van Petrus Steyn (53) is Donderdagoggend, 30 September 2021 deur een van sy werkers gekry naby 'n pakkamer op die plaas Holfontein, tussen Heilbron en Frankfort. Petrus, sy vrou Anette en hul drie kinders is van Heidelberg in Gauteng en sou binne weke na die plaas verhuis. Die egpaar se oudste twee kinders, Paul en Claudine is op universiteit terwyl hulle jongste, Tiané, reeds op Frankfort skoolgaan.

Steyn se vrou het Donderdagoggend bekommerd geraak en 'n plaaswerker gebel en gevra om te gaan ondersoek instel, waarna hy toe op Steyn se lyk afgekom het. Volgens brig. Motantsi Makhele, polisiewoordvoerder, het Steyn kopbeserings opgedoen wat deur 'n skerp voorwerp veroorsaak is. Die vermoede is dat hy reeds Woensdagaand vermoor is.

Daar was kaalvoetspore buite die huis en 'n brandkluis is met 'n hoekslyper oopgesny. Steyn se pistool en rewolwer word vermis. Die voertuie met sleutels is ook nog op die plaas. Spoorsnyers kon nie die spore volg nie weens dit deur die nag gereën het.

Petrus Steyn se roudiens vind vandag plaas vanuit die skoolsaal van Laer Volksskool op Heidelberg.

Foto erkenning: LinkedIn



"SWAK" STEUNPLAN TERUGVERWYS

'n Nuwe munisipale steunplan vir Ngwathe in konsepvorm was só swak dat die Raad dit verlede Donderdag eenparig terugverwys het vir verdere ondersoek en herskryf. Munisipale amptenare het die plan opgestel, onder finale leiding van die munisipale bestuurder.

Dit volg nadat 'n verslag oor probleme in munisipaliteite onlangs aan die nasionale kabinet voorgelê is. Die kabinet het besluit dat 'n spesifieke regrukplan vir elke swak-bestuurde munisipaliteit opgestel moes word.

Provinsies moes sukkelende munisipaliteite daarmee help, en elke raad moes sy eie plan inderhaas goedkeur, aanvanklik teen 31 Augustus. In die Vrystaat is 22 uit 24 munisipaliteite as sukkelend uitgewys, insluitende Ngwathe.

Ngwathe se DA-raadslede was verlede week uitgesproke oor die "swak gehalte" van die konsepplan ter tafel. "Hierdie is 'n stukkie prulwerk, 'n sameflansing van kies-en-plak vaaghede, hoogdrawende frases, en bietjie teorie," het DA-raadslid Arnold Schoonwinkel gesê. "Dit bied geen oplossings vir Ngwathe se probleme nie." Hy het voorgestel dit word terugverwys vir meer denke, en ook vir insette vanaf veral sakelui. Dit is eenparig aanvaar.

DA-raadslid Robert Ferendale sê aan Herald die DA-koukus het ook onderneem om hul eie spesifieke wenke in te stuur. "Ngwathe moet koste bespaar sonder om gehalte van dienslewering in te boet, en ook inkomste verdien uit sy talle ongebruikte of wanbenutte bates—dis ons fokus," sê hy.

DA-koukusleier Carina Serfontein sê hulle het intussen ook navraag gedoen oor hoe Ngwathe vorder met die opstel van die regrukplan waarop reeds einde Mei besluit is. "Dit was 'n eenparige versoek aan die Finanskomitee vir planne hoe die munisipaliteit meer kan doen vir sy inwoners, en ook koste kan bespaar." Sy sê die DA het reeds samewerking daarvoor vanuit die sakegemeenskap aangevra en verkry.



Jou keuses in die komende Plaaslike Regeringsverkiesing:

Die verandering wat siegs die DA vir jou dorp kan bring.

Nog vyf jaar van ANC korruptsie.

Maak seker dat jou stem tel

Stem vir die enigste party met 'n goeie prestasie rekord waar dit in regering is. Die enigste party wat groot genoeg is om die ANC te klop.

Bring your home up to speed with fast, reliable fibre solutions.

25/5Mbps Uncapped FTTH Promo

R399
PER MONTH

Includes:

open serve

Live your Monate

Email kznfssales@telkom.co.za

Telkom

Standard terms and conditions apply. See www.telkom.co.za for details. This offer is available to the following customers: New customers within the Openserve FTTH footprint. DSA customers migrating to the Openserve FTTH footprint and Copper/VDSL customers within the Openserve FTTH footprint. The Openserve FTTH footprint coverage can be confirmed by following service at the following URL: www.telkom.co.za/ftth/term. Access to a Voice service is optional at no charge. A setup fee will be added at an early change. Calls made on the Voice service will be included in monthly limit. 25/5Mbps Uncapped FTTH Promo bundles are available on the month 12 month contract and a 12 month contract. No FUP if all usage for the month is 25/5Mbps. The Openserve FTTH footprint will be 30 November 2021 for the 25/5Mbps Uncapped FTTH Promo. It is noted that the initial and final offer period for this promotion is 30 months. Customers can cancel the service at any time. However, the price of the service will be the standard rate for the service. If a customer cancels the service, they will be charged the standard rate for the service.



UIT DIE PEN

Ek en die Skeinatmeneer kry ons koor bymekaar. Ons skoolhoof het gesê dat hierdie skool bekend sal staan as ’n singende skool. Wat natuurlik alle rugby-, sokker en netbalwedstryde ook moet wen. So raak ons toe aan’t singe met die koor. Ons reël ’n koorfees in die dorp se pragtige stadsaal: daar is 8 skole wat uitgenooi word daarvoor. My ouers kom ook soontoe vir die geleentheid. My pa, wat teen daardie jare geboer het, ontmoet die skoolhoof, wat ook (volgens homself) ’n vooraanstaande boer is. Die skoolhoof-boer nooi my pa om die middag saam met hom na sy plase toe te gaan. Na drie ure kom laai hy my ou pa weer by ons af. “So, hoe was dit? Wat het pa alles gesien?” “My kind, ek het gesien ons is vreeslike armgatte.” Jammer, ou pa, ek moes pa gewaarsku het dat die skoolhoof/eienaar van die skool in alles beter is as ander mense. Wanneer

ons koor moet sing, moet ons beter wees as die ander, ons sportspanne moet beter wees, ons akademiese uitslae ook. Maar dan moet ons skool beter wees as die ander, ook die tafels en stoele en (gebrek aan) gordyne en die matriekafskied en die prysuitdeling. En natuurlik: wanneer iemand ’n hoofpyn het, is dit altyd beter by hom: hy het dan ’n bringewas. Dit terwyl die personeel onderbetaal word. Ons laboratoriums het glad nie bestaan nie, ons het wel ’n trollie met goetertjies op gehad. Een van die eksperimente was oor respirasie met die ondersoekende vraag as volg: Wat word vrygestel wanneer selrespirasie plaasvind? Om te bepaal of daar enige verhoging in temperatuur is, moes jy ’n paar ontkiemende boontjiesade in ’n warmfles plaas, ’n termometer met watte gebruik om die gat van die skoefdeksel toe te stop en die kontrepsie onderstebo vasmaak. Daar was nie watte naby nie, en ek is seker dat ek te lui was om toiletpapier of iets anders te gaan soek om die gat toe te stop. Ek druk toe die termometer deur die gatjie van ’n rubberprop en sit dit net so lossies op die warmfles. Of ek het gedink dat dit lossies was. Ek los(sies) dit toe oornag om die towerkunsies uit te voer. Toe ek die volgende dag in die klas kom, lê die hele klas vol klein, fyn splinters soos wat die warmfles ontplof het. Die prop was toe nie lossies nie, want die gas wat opgebou is en nie kon ontsnap nie, het die yslike katastrofe veroorsaak. Doerie dae het ons nog van skoliere gepraat en nie leerders, soos vandag nie. Ek kry toe twee skoliere vanaf Lesotho. Hulle kon pragtig Engels praat, en ek het baie van hulle geleer. Hulle wou baie graag Afrikaans praat. Soms het ek sommer lekker vir hulle gelag. Hulle het die Engelse frase “me too” vertaal na “ek twee”. “Ek twee” het toe ’n daaglikse uitdrukking geword. Pragtige twee

WEEK VEERTIG VAN 2021

meisiekinders. Ek wonder waar hulle nou is? Die skoolhoof wil konsert hou, en ek begin te heerlik skryf aan ’n lekker revue. Daar is dialoog en monoloë, klein dramatjies, baie sing en dans en sommer ’n lekker kuier. Na ongeveer twee weke gaan lê ek my hele konsert aan die skoolhoof voor, kompleet met ’n begroting en doenlysies. Die skoolhoof vertel dadelik dat daar nie tyd vir speel is nie, en dat ek maar hierdie partytjie opsy moet skuif. Andrew was ’n pragtige seun, goeie koorlid en het in die eerste rugbyspan gespeel. Andrew het uit ’n arm huis gekom, maar hard gewerk om nie sy ouers teleur te stel nie. Hy word gekies as hoofseun. Volgens die skoolreëls moet die hoofseun daaglik sy kleurbaadjie aantrek. Andrew het nie ’n baadjie gehad nie. Ek vra die koshuisvader of ek vir Andrew dorp toe kan neem. Ons gaan na die mansuïtrusters en Andrew stap uit met ’n splinternuwe baadjie. Ek sien dat sy trane vlak sit, maar rugbyspelers en hoofseuns huil nie. Hy bedank my baie nederig en ek vra dat hy hierdie belegginkie tussen my en hom sal hou. Andrew stap soos ’n pronkende pou met sy nuwe baadjie op die skoolgronde rond en dwing respek af. Ek weet ongelukkig nie wat van Andrew geword het nie, maar ek is seker dat hy ’n sukses gemaak het van wat hy aangepak het. By hierdie skool het ek ook die heel eerste keer ’n Hustler tydskrif in my hande gehou: dit het uit ’n seun se tas geval toe hy uitgestap het. Nodeloos om te sê: hierdie koekrige vrou was bleekgeskrik.

En dan was daar Rennie, ’n vreeslike stouterd. Rennie het so tweede van agter in my klas gesit en min of meer elke oomblik van elke periode gesels en gelag. En snaakse gesigte agter my rug gemaak. Totdat iets iewers in my kop skeefgeloop het. (Waarskuwing: as jy ’n onderwyser is, moenie my voorbeeld volg nie!) Ek hoor weer vir Rennie. Hy giggel, skuif rond op sy stoel en maak grappe met almal. Ek sit die bordkryt stadig neer en haal twee keer diep asem. Dit was blykbaar nie genoeg nie. Voordat ek kon keer, trek die bordborsel soos ’n projektiel. Reguit op pad na Rennie se voorkop. By nabetragting vind ek dit nogal vreemd dat mens ’n hele fliek voor jou kan laat afspeel in minder as 2 sekondes. Ek sien al vir Rennie met ’n gapende wond op sy voorkop, bloed wat oor sy neus stroom. Meisies wat gil en uit die klas hardloop. Ek sien die SAPD se kwaai gesigte wat my agterin die polisieetrok laai, ek hoor die kettings van my voetboeie wat rinkel. Toe die fliek klaar in my kop afgespeel het, sien ek in stadige aksie hoedat Rennie sy regterarm optel om vir sy kop te keer. Die volgende oomblik is dit net horlosievere en klein glasstukkies wat sy tafel vol lê. Ek het redelik akkuraat gegooi: die splinternuwe goue horlosie is daarmee heen. Maar ek verwelkom die rekening: klein prys om te betaal in ruil vir voetboeie. Ek weet nie wat Rennie tans doen nie. Iemand het gesê hy het ’n polisieman geword. Ek verstaan hoekom.

PANEEL 25

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



DIE DOOD VAN UTINGANE

■ Quarta Pretorius

Nadat Mpande tot koning uitgeroep en verreweg die meeste Zoeloes hom as sodanig aanvaar het, het uDingane, vergesel van ’n paar van sy vrouens, in die rigting van Swaziland gevlug. Hy en sy gevolg is een oggend deur ’n groep Swazikrygers oorval. Aangesien uDingane vantevore ’n aartsvyand van die Swazi’s was, het hulle nie gehuiwer om hom te vermoor nie. Dit was in 1840. Die beeldhouer het moeite gedoen om die verskil tussen die kleredrag van die Zoeloes en dié van die Swazi’s uit te beeld. Die Zoeloemans se skorte is van repies

vel wat met senings aan mekaar geheg is om ’n skulpfatsoen te vorm. Reg onder die knie is ’n beesstertkwas met ’n stukkie sening om die been vasgemaak Aan die sy het die mans ’n tossel gedra van katstertpunte wat vasgemaak is aan ’n sening wat hulle om die man se middel gedraai het. Die Swazimans se skorte was van enkele stukke vel.

Beeldhouer: Laurika Postma



VEEDIEFSTAL: EKONOMIESE SABOTASIE VAN DIE LANDBOUSEKTOR

Die tekortkominge wat tans by Veediefstal Eenhede (VDE) in die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) deur boerderygemeenskappe in die Vrystaat bespeur word, is bydraend tot wat bykans as ekonomiese sabotasie van die landbousektor beskou kan word. Dit is die mening van Vrystaat Landbou (VL) en die Rooivleis Producente Organisasie (RPO). Jakkals le Roux, voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee, is bekommerd dat veediefstal op die oog af nie as ’n prioriteit deur die polisie geag word nie. “Vir boere lei hierdie situasie tot ekonomiese ondergang wat die landbousektor ernstig ondermyn. Dit is om nie eens van die impak wat dit op opkome en bestaansboere het, te praat nie”, sê Le Roux. Volgens Le Roux en Isabel Kruger, voorsitter van die Veediefstal Voorkomingsforum (VVF) in die Vrystaat, neem die astronomiese tekorte aan hulpbronne toe, met geen daadwerklike intervensie vanaf polisie topstruktuur nie. “Weens die tekorte, word misdaadtonele nie effektief ondersoek nie en speurders daag soms dae na ’n saak gerapporteer is eers op. Dit dra dan daartoe by dat baie van hierdie veediefstal-insidente nie aangemeld word nie.” Uit sake wat wel gerapporteer is, is daar boerderygemeenskappe wat verliese van tot R10 miljoen per jaar rapporteer. Hoë geteisterde gebiede van die Vrystaat insluitend Brandfort, Ladybrand, Heilbron,

en Fouriesburg - ondervind tans groot druk weens toenames in veediefstal. Veral grensdorpe geleë langs die RSA/Lesothogrens, gaan gebuk onder ’n groot toename in die soort eiendomsverwante misdaad, sê Dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL. “Veediefstal is ’n georganiseerde misdaad wat toenemend deur misdaadsindikate bedryf word”, meen Dr Buys. “Om hierdie sindikate te keer, word die betrokkenheid van ander rolspelers in die SAPD, soos die Valke, Georganiseerde Misdaad Eenheid en Misdaad Intelligensie, benodig.” Boere poog om sover moontlik hul eiendom en veral vee te beskerm. VL en die RPO meen dat die Polisie hul regsverpligting moet nakom ten einde die nodige mannekrag, voertuie en toerusting beskikbaar te stel om die voortbestaan van die landbousektor in die Vrystaat te verseker. “Die intervensie van die regering en die Minister van Polisie het kritiek geword om die tekorte aan te spreek” sê Buys.

Woordvoerders:

Jakkals le Roux - Voorsitter Landelike Veiligheidskomitee, Vrystaat Landbou, 082 781 8241. Isabel Kruger - Voorsitter Veediefstal-voorkomingsforum van die Rooivleis Producente Organisasie (RPO) in die Vrystaat, 082 042 3359. Dr Jane Buys - Veiligheidsrisiko-analis, Vrystaat Landbou, 082 922 8434.

JAARBEPLANNER**OKTOBER 2021**

29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

NOVEMBER 202126 & 27 Nov. - NG Kerk Suid -
(Gholfdag & Kersmark)**SUDUKU**

5	3		7					
6			1	9	5			
	9	8					6	
8			6					3
4			8		3			1
7			2					6
	6					2	8	
			4	1	9			5
			8			7	9	

	7		2			4	6	
	6					8	9	
2			8			7	1	5
	8	4		9	7			
7	1					5	9	
			1	3		4	8	
6	9	7		2				8
	5	8					6	
4	3		8			7		

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Die Heilbron Herald se
fabriek sluit die
16de Desember 2021
en heropen
DV 10 Januarie 2022.

Plaas asb. vroegtydig
u bestelling vir
drukwerk om
teleurstelling te
voorkom.

Die Heilbron Herald se
winkel sluit die
22ste Desember en heropen
DV 5 Januarie 2022.

**HEILBRON
HERALD**Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033**POSTNET HEILBRON**

Besigheidsure:

Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30

Saterdag: 09:00 - 12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON

Tel: 058 853 0006

BETREKKINGS DIENSTE SMALLS EIENDOMME**HOËRSKOOI WILGERIVIER
FRANKFORT**Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium
skool beskik oor die volgende pos:Beheerliggaampos : Grondslagfase
(Gr. 1 tot 3) en Remediërende Onderwys

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- * 'n Volledige CV.
- * Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- * Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- * Getuigskrifte.
- * SACE-sertifikaat.

Voornemende kandidaat kan aansoek doen deur

in CV te stuur na:

- * e-pos: wilgeskool@lantic.net
- * faks: 0866 595 407
- * Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 22 Oktober 2021

Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)

**HOËRSKOOI WILGERIVIER
FRANKFORT**Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium
skool beskik oor die volgende pos:Permanente Departementele
Posvlak 1Wiskunde / Landboutegnologie / Rekenaar-
toepassingstechnologie : graad 10 tot 12

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- * 'n Volledige CV.
- * Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- * Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- * Getuigskrifte.
- * SACE-sertifikaat.

Voornemende kandidaat kan aansoek doen deur

in CV te stuur na:

- * e-pos: wilgeskool@lantic.net
- * faks: 0866 595 407
- * Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 22 Oktober 2021

Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)

Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE

07:30 - 17:00

VRYDAE: 07:30 - 16:30

SATURDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron

Tel: 058 852 3033

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

**Andries
Muller**

072 447 7446

Vrystraat 23,
HeilbronOu Heilbron
Betonwerke se gebou**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK****BAAL VAN SOJA-
/MIELIERESTE**Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com**BAAL / SNY & BAAL ...**Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron**TE HUUR****HEILBRON ROLBAL-
KLUBHUIS**Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei,
stoof en 2 oonde, gelisenseerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531**ESKOM NOTICE**Please note that the electricity supply to Heilbron will be
interrupted due to maintenance at substation.
The interruption has been scheduled as follow:
DATE: THURSDAY, 14 OCTOBER 2021
Time: 07h00 – 19h00Please note: The electricity supply may be restored without
warning at any time during the interruption therefore, all
electrical installation must be treated as live and
dangerous. The interruption is necessary for annual
maintenance.**BLOEDSKENK
DATUMS**

23 November

**HERSTELWERK**Ek doen die volgende in
die dorp of op die plaas.
Verf en afskuur van
dakke, asook herstel van
lekkende en seël daarvan.
Verf en herstel geute.
Vervang en herstel
plafonne. Maak plafonne
dig met patty asook verf.
Herstel mure en krake in
mure, reparasies soos
afskuur en verf. Algemene
instandhouding reparasies
van geboue binne en
buite. Ek het 25 jaar
ondervinding en waarborg
deeglike en
professionele diens.
Skakel Chris vir gratis
kwotasie 071 823 1912
K0304**BIBLIOTEEK OOP**

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die
publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

**HEILBRON • EDENVILLE
• FRANKFORT**Hugo Groenewald
082 569 7205Kontak hom gerus vir
enige Lewendehawe
bemarking, Uit-die-
hand-transaksies of
veiling navrae!**GEKLASSIFISEERD**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die
eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za**E-POS ADRESSE**

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za -
(Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za -
(Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort,
Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron
se Facebook-blad en webwerf.Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe
en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël
nie noodwendig die siening van die redaksie nie.Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & NewbornMARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

LEWENSREDDENDE INISIATIEF



Die SANBS het die gemeenskap van Heilbron genooi om bloed te skenk, Dinsdag 28 September 2021 by die NG Suid Kerkzaal. Op die foto is Rina Haefele wat op haar verjaarsdag gaan bloed skenk het. Die gemeenskap van Heilbron word uitgedaag om 100 nuwe skenkers aan te moedig om bloedskenkers te word. Bring jou familielid, kollega, sport klub of groep vriende en skenk bloed in Heilbron op 23 November 2021. Jou bloed red lewens.

PRESTEER TYDENS VRYSTAAT ATLETIEKBYEENKOMS

Suné Hills van Hoërskool Reitz het deelgeneem aan die Vrystaat Atletiek ASA liga 5 op 11 September 2021 en het die volgende uitslae behaal: Dogters o/13 verspring - 2de met 4,13m gespring Vrystaat Atletiek ASA Liga 6 op 18 September 2021. Dogters o/13 verspring - 2de met 4,35m gespring. Dogters o/14 75m hekkies - 5de plek.



KANDIDATE UIT HEILBRON VIR NGWATHE RAAD

Die Vryheidsfront Plus het, met die oog op die komende verkiesing op 1 November 2021, benewens kandidate uit ander dorpe in die munisipaliteit, drie Heilbronners goedgekeur as kandidate vir die Ngwathe Munisipale Raad. Hulle is dienende raadslid Phillip van der Merwe, Fanie Malherbe en Jannie Snyman.

Met munisipale verkiesings, anders as nasionale verkiesings, stem kiesers op meer as een stembrief. Dit omdat stadsrade uiteindelik bestaan uit verkose wyksraadslede, wat basies helfte van die beskikbare setels vul, en raadslede wat volgens die proporsionele kiesstelsel verkies word wat die oorblywende helfte daarvan vul. Die proporsionele stelsel behels dat al die stemme wat elke politieke party op beide stembriewe kry saamgetel word waarna die betrokke setels in die raad toegeken word aan die partye ooreenkomstig die persentasie van die totale stemme op die bepaalde party verenig.

Kiesers wat verdere toeligting oor die kiesstelsel verlang is welkom om raadslid van der Merwe te skakel by 058 852 2041.



Anika Allen is vir die Vaal Women CC (Sasolburg Klub) gekies. Sy gaan die span verteenwoordig in die Black Widow T20 en Imperial Premier League. Sy is deur die spankaptein, Lisa Joubert (2x Wêreldbeker kampioen) raakgesien.

GiG Technologies (Pty) Ltd

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan - 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!

AJAX Wireless
Smart Home Security Systems

BACK 2 SCHOOL

LET US HELP YOU PACK YOUR CHILD'S BACK 2 SCHOOL STATIONARY

1. Drop your 2021 stationary list off at Herald Office National, or e-mail it to heraldoffice@heilbron.co.za
2. As soon as we received the list, we will send you a quotation
3. When you've placed the order, we will pack it and get it ready for you
4. Alternatively, place your order online at www.herald.officenational.co.za
5. We will contact you as soon as your order is ready for collection

058 852 3033



POTJIE-MAAK-VERNUF

Weltevrede Leeuplaas het op 24 September 2021 weer hul jaarlikse Braaidag-kompetisie aangebied. Die keer het hul deelnemers beoordeel op hul potjie-maak-vernuf. Die dag het baie goed begin met 'n aantal van 10 inskrywings. Die vure is om 12uur aangesteek en Bella Q het almal vermaak met haar danspassies en jolige musiek, terwyl die deelnemers en hul spanne gesorg het dat almal se monde water van die reuke wat deur die lug getrek het. Teen 6uur is die laaste pot beoordeel en die weners is aangewys. 1ste plek: Deon Voges (Blesbok), 2de plek: Louis Kruger (2 nagte vir 2 mense op Weltevrede), en 3de plek: Henk vd Westhuizen (Gamedrive vir 4).

Op foto van links na regs: Weners en beoordeelaars. Louis Kruger, Wade Berry, Armand vd Westhuizen, Alwyn Swart, Deon Voges, Izerka Swart en Henk vd Westhuizen

HEILBRON *Duiwenrus*

Die tweede laaste wedvlug van die seisoen was vanaf Beaufort-Wes oor 'n afstand van 762km. Dit was koel weer met 'n redelike sterk suidweste wind wat die duive aangehelp het. Hul het die afstand in 9 ure, 10 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 96 km per uur. Dit bly ongelooflik wat die duive kan doen. Zenith A het die een wedvlug gewen en Frik Viviers die tweede een.

- BEAUFORT-WES OPE 1**
1. Zenith A, 2. Crause & Seun, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. F Viviers, 8. Zenith B, 9. Zenith A, 10. Zenith A.
- BEAUFORT-WES OPE 1**
1. F Viviers, 2. Crause & Seun, 3. F Viviers, 4. F Viviers, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. F Viviers, 8. F Viviers, 9. F Viviers, 10. F Viviers.

SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU

Soos ontvang op 3 Oktober 2021 van die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste is reeds 46.83% van Heilbron se inwoners ten volle ingeënt waarvan 32.67% van Ngwathe ingeënt is. Almal bo die ouderdom van 18 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 07: 30-18: 00. Sizabatu Clinic in Phiritona dien nou

oor naweke as inentingsplek. Op Saterdag is die werf oop van 08: 00-15: 00 en op Sondag van 08: 00-13: 00. Geen inentings sal egter hierdie Sondag in Heilbron plaasvind nie. Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 7 Oktober 2021 en dui aan Ngwathe het 5472 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1330 staan en is daar slegs 1 positiewe gevalle bygevoeg sedert 1 Oktober 2021.

Die hele Fezile Dabi distrik het 24318 bevestigde gevalle aangekondig. Dit is vandag dag 560 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 908 768 bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan tans op 87 981 en reeds 2 786 409 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is steeds die land met die 17de meeste Covid-19 positiewe gevalle in die wêreld.



VACANCY • VACANCY • VACANCY • VACANCY • VACANCY

POSITION TITLE	Shift Manager, Pakworks (Pty) Ltd
MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS	Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies. The position will report to Senior Management and will ensure achievement of cost, service, quality and people development through effective management of all plant operations.
LOCATION	The position will be based in Heilbron, South Africa.
REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING	Relevant degree/tertiary education Advanced computer literacy – MS Office
REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE	Minimum 5 years' experience in Manufacturing (Snack production experience will be an advantage)
KEY PERFORMANCE AREAS	- People Management and Leadership. - Management reporting. - Executing minor projects to improve facilities. - Risk Management. - Improving overall plant efficiency. - Ensuring compliance to all food safety standards and requirements.
COMPETENCIES	- Specific knowledge and experience of the field. - Knowledge of the food industry. - Excellent verbal and written communication skills. - People Management. - Crisis Management.
BEHAVIOURAL COMPETENCIES	- Highly motivated and results orientated. - Work and operate independently. - Ability to trouble shoot, remain calm and initiate effective solution in crisis. - Good Management and Leadership Skills. - Live the Company's values.

Closing date: 15 October 2021.
Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling
Tel: 058 852 3068 * Fax: 058 852 2216 * E-Mail: riana@pakworks.co.za

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING NUUS

Saterdag, 2 Oktober het die Riemland Jagtersvereniging hulle jaarlikse pryskiet gehad. Uitdagende teikens is in die winderige omstandighede trotseer. Daar is ook in spanverband meegeding. Na afloop van die verrigtinge het sommiges teen mekaar op 300m na vyf ghonge geskiet. Plekhouers het kontantpryse gewen en word groot waardering getoon vir Isak Bosman wat sy prysgeld vir die klub teruggeskenk het om die jeugafdeling te bevorder. Trofee meetings is gedoen deur Hennie Fourie en word hy bedank vir sy volgehoue bydrae en harde werk. Wenner is as volg (die wenner in die .22 afdeling is slegs 15 jaar oud):

Jaggeweer: 3de Johan Breytenbach, 2de

Hennie Viviers, 1ste Isak Bosman.

.22: 3de JM Joubert, 2de Isak Bosman, 1ste Henco Pretorius.

Haelgeweer: 3de Paul Keogh, 2de JM Joubert, 1ste Isak Bosman.

Ghong Skiet: 3de Hennie Viviers, 2de Japie Steyn, 1ste Isak Bosman.

Algeheel: 3de JM Joubert, 2de Hennie Viviers, 1ste Isak Bosman.

Span Skiet:

3de Spekskieters: Japie Steyn & JM Joubert.

2de John: Johan Breytenbach & Hennie Viviers.

1ste Isak Bosman & Jacques Pretorius.



Op die foto bo Henco Pretorius.



Op die foto bo vl: Jacques Pretorius en Isak Bosman.

LEKKER ROLBAL

Vryheidsdag, braaidag? Die rolbalspelers het besluit Vrydag is 'n rolbaldag en klublede het besluit dit is nou die ideale dag om klubkompetisiedag te hou. Lede het opgedaag, gereed vir enige “geveg” wat daar te vegte is.

Twee wedstryde van 12 koppe is gespeel. Wenner speel teen wenner na die eerste spel en dit is hier waar die gevegte geveg is. Elkeen het sy of haar beste rolle gerol, maar uiteindelik het die klok gelui en is die telling nagegaan om die wenner te bepaal.

Was die uitslag 'n verrassing? Dalk, want met 'n gesoute speler en 'n beginner kan die uitslag tog as 'n verrassing gesien word.

Goeie spel deur Tracy Jacobs wat goeie motivering en ondersteuning aan Magda Dames as beginner gebied het, het dat die twee dames as wenner uit die stryd tree.

Die dag is afgesluit met 'n bring en braai en 'n gesellige samesyn met lag en gesels. Al die negatiewe dinge van die afgelope maande was bietjie opsy geskuif.

Intussen is die reëlins vir die besigheidsliga, wat op Woensdag 13 Oktober afskop, in plek en word daar uitgesien na nog 'n suksesvolle liga.

Vir 4 weke sal die wêreld rondom die rolbalklub erg bedrywig wees. Deelnemers en besoekers moet asseblief kennis neem dat die wedstryd van 20 Oktober vervroeg na Dinsdag 19 Oktober as gevolg van die skool se prysuitdeling.

Dok Faffa Malan, bekende veearts, sluit altyd sy praatjies af met die uitdrukking



Tracy Jacobs en Magda Dames.

“LEKKER BOER”, nou ons kan ook aan al die deelnemers sê “LEKKER SPEEL”.

Feit:
DA-dorpe het die laagste werkloosheidsyfer en word as die beste beskou vir die voorsiening van basiese dienste soos elektrisiteit en water.

Die enigste dorpe wat in Suid-Afrika werk, is DA-dorpe, want die DA kry dinge gedoen.

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

CIPLATON
CIPLATON MULTIVITAMIN R79.95 (30s)

063 721 4950 087 527 0723
platteland@platteland.co.za
17 Weltevreden Road, Weltevreden, Johannesburg

WESSENTRAAL
DIE BESTE BOD BESTUURDER

P.J. Müller
060 966 9340

AFSLAER

Ian Grobbelaar
060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (junior)
061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pula Gillomee
082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville

Hugo Groenewald
082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dinsle)

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 11 OKTOBER 2021

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 12 OKTOBER 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

HEILBRON: SWAELKRANS TRUST & MEDEVERKOPERS veiling
Totale uitverkoop van beeskudde
11:00, Skoonuitsig
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

WOENSDAG - 13 OKTOBER 2021

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG: BEREND DORMERS veiling
11:00, Veilingskrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DONDERDAG - 14 OKTOBER 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Vetveeiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

PAUL ROUX: DANIE BRUWER
Produksieveiling
11:00, Kaallaagte veilingskrale
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 15 OKTOBER 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049



www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za